

Stoelkussing met

BENODIGDEHEDE

250 g Pingouin-hekelgare nr. 5 in gekose kleur; hekelpen 2,50 mm; wit materiaal van 55 x 55 cm; kussingstopsel.

MATE

Die kussing is van 4 motiewe gemaak, met 'n patroon in die middel, en die grootte is ongeveer 45 x 45 cm.

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; dlb — dubbele langbeen; dslb — drieslaglangbeen; glst — glipsteek; beg — begin; sp(s) — spasie(s); herh — herhaal; grp(e) — groep(e); vlg — volgende.

MOTIEF

Met hekelpen 2,50 mm maak 5 ks en glst in 1e st om sirkel te vorm.

1e Rondte: 8 kb in sirkel en eindig met glst in 1e kb.

2e Rondte: 3 ks = 1e lb, 2 lb, 1 kb in 1e kb, * 3 lb en 1 kb in vlg kb. Herh vanaf * nog 6 maal en eindig met glst in bopunt van 1e lb aan beg van rondte. (Dit is die 1e ry van 8 blare).

3e Rondte: 1 ks, * plaas pen tussen 2e en 3e lb in 1e rondte (aan agterkant van werk) en werk 1 kb, 3 ks. Herh vanaf * nog 7 maal om 8 ks-sps te maak en eindig met glst in 1e kb aan begin van rondte.

4e Rondte: 1 ks, * in 3-ks-sp werk 5 lb, 1 kb op vlg kb van vorige rondte. Herh vanaf * nog 7 maal (2e rondte van 8 blare) en eindig met glst in glst van vorige rondte.

5e Rondte: 3 ks, * plaas pen in lus van 3e rondte aan agterkant van werk tussen 2e en 3e lb van vorige rondte en werk 1 kb, 5 ks. Herh vanaf * nog 7 maal en eindig met glst in 1e kb.

6e Rondte: soos 4e rondte, maar werk 7 lb in elke ks-sp (3e rondte van 8 blare).

7e Rondte: 3 ks, * plaas pen in lus van 5e rondte aan agterkant van werk tussen 3e en 4e lb van vorige rondte en werk 1 kb, 7 ks. Herh vanaf * nog 7 maal, glst in 1e kb.

8e Rondte: 4 ks = 1e dlb, 8 dlb in ks-sp (1e 7-ks-sp) van vorige rondte, * 1 ks, 9 dlb in vlg 7-ks-sp. Herh vanaf * nog 6 maal, 1 ks en glst in bopunt van 4 ks aan beg van rondte.

9e Rondte: 3 ks = 1e lb, 1 lb in 4e ks aan beg van vorige rondte, 7 lb in vlg 7 dlb, 2 lb in 9e dlb = 11 lb, * 1 ks, 2 lb in 1e dlb, 1 lb in elk van vlg 7 dlb, 2 lb in 9e dlb = 11 lb. Herh vanaf * nog 6 maal en eindig met glst in bopunt van 3 ks aan beg van rondte.

10e Rondte: glst in 1e lb, 3 ks, 8 lb in vlg 8 lb, slaan 1 lb oor, 2 ks, 1 kb in ks van vorige rondte, * 2 ks, slaan 1 lb oor, 9 lb op 9 lb, slaan 1 lb oor, 2 ks, 1 kb in ks van vorige rondte. Herh vanaf * nog 6 maal, 2 ks, glst in bopunt van 3 ks aan beg in rondte.

11e Rondte: glst in 1e lb, 3 ks, 6 lb op 6 lb van vorige rondte, 3 ks, slaan 1 lb oor, 1 kb in vlg ks-sp, 3 ks, 1 kb in vlg ks-sp, * 3 ks, slaan 1 lb oor, 7 lb op 7 lb, slaan 1 lb oor, 3 ks, 1 kb in vlg ks-sp, 3 ks, 1 kb in vlg ks-sp. Herh vanaf * nog 6 maal en eindig met 3 ks, glst in bopunt van 3 ks aan beg van rondte.

12e Rondte: glst tot in vlg lb, 3 ks, 4 lb op vlg 4 lb, slaan 1 lb oor, (3 ks, 1 kb in vlg ks-sp) 3 maal, * 3 ks, slaan 1 lb oor, 5 lb op 5 lb, (3 ks, 1 kb in vlg ks-sp) 3 maal. Herh vanaf * nog 6 maal en eindig met 3 ks, glst in bopunt van 3 ks aan beg van rondte.

13e Rondte: glst tot in vlg lb, 3 ks, 2 lb op 2 lb, slaan 1 lb oor, (3 ks, 1 kb in vlg ks-sp) 4 maal, * 3 ks, slaan 1 lb oor, 3 lb op 3 lb, (3 ks, 1 kb in vlg ks-sp) 4 maal. Herh vanaf * nog 6 maal en eindig met 3 ks, glst in bopunt van 3 ks aan beg van rondte.

14e Rondte: glst tot in middelste lb, 6 ks, 1 kb in vlg ks-sp, (3 ks, 1 kb in vlg ks-sp) 4 maal, * 3 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in middelste lb, slaan 1 lb oor, (3 ks, 1 kb in vlg ks-sp) 5 maal. Herh vanaf * nog 6 maal en eindig met 3 ks, glst in 3e van 6 ks aan beg van rondte.

15e Rondte: glst tot in middel van 1e ks-sp, 1 kb in dieselfde plek, * 4 ks, 1 kb in vlg ks-sp. Herh vanaf * tot einde en eindig met glst in 1e kb aan beg van rondte.

Vanaf 16e rondte beg met 1 kb in middel van ks-sp, met 1 of meer glste tot in middel van ks-sps en eindig elke rondte met glst in 1e kb aan beg van rondte.

16e Rondte: * 5 ks, 1 kb in vlg ks-sp. Herh vanaf * tot einde.

17e Rondte: * 6 ks, 1 kb in vlg ks-sp. Herh vanaf * tot einde.

18e Rondte: * 7 ks, 1 kb in vlg ks-sp. Herh vanaf * tot einde.

19e Rondte: * 7 ks, 1 kb in vlg ks-sp. Herh vanaf * tot einde.

20e Rondte: glst tot in 1e ks-sp en werk dan hoek soos volg: in dieselfde ks-sp * (1 glst, 5 ks, 3 dslb, 5 ks, en 1 glst) = 1 grp van 5-dslb gemaak, 2 ks, 1 kb in vlg ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * nog 1 maal in vlg ks-sp, ** (1 glst, 3 ks, 3 lb, 3 ks en glst) in vlg ks-sp, 2 ks, 1 kb in vlg ks-sp, 2 ks. Herh vanaf ** nog 3 maal = 1e kant van vierkant. Herh nou vanaf * aan beg van rondte nog 3 maal en eindig rondte met glst in 1e glst aan beg van rondte.

Heg af.

Maak nog 3 motiewe op dieselfde wyse

INLASBLOM IN MIDDEL

Werk soos vir 1e motief tot einde van 7e rondte.

8e Rondte: * in vlg ks-sp werk 1 glst, 3 ks, 3 lb, 3 ks en 1 glst, 2 ks. Herh vanaf * nog 7 maal en eindig met glst in 1e glst aan beg in rondte. Heg af.
Werk aanmekaar soos op foto.

BOONSTE RAND

1e Rondte: beg by dslb-grpe tussen 2



motiewe, maak 3 ks, * 4 ks, 1 kb in elk van die 5-dslb van 2e dslb-grp, en werk dan hoek soos volg ** (4 ks, 5 kb in 5 lb) 4 maal, 4 ks, 5 kb in 5-dslb van 1e grp dslb, 5 ks, 5 kb in 5-dslb van 2e grp, en werk dan soos volg 4 maal = 4 ks, 5 kb in 5 lb, 4 ks, 5 kb in 5-dslb, 4 ks en 1 lb waar dslb van albei motiewe bymekaarkom. Herh vanaf * nog 3 maal, en eindig rondte met glst in 3e ks aan beg van rondte.

n mooi blommotief



2e Ronde: 4 ks (vervang middelste lb) * slaan 1 st oor, 1 lb in vlg st, 1 ks. Herh vanaf * aan een kant van vierkant (28 lb met 1 ks tussenin). In 1e en alle hoeke werk 2 ks, 1 dlb in vlg st, 2 ks.
Vir Volgende Kante: * 1 lb in vlg st, 1 ks, slaan 1 st oor. Herh vanaf * tot daar 57 lb met 1 ks tussenin is. Werk 2e hoek en dan weer 57 lb met 1 ks tussenin. Werk 3e hoek, dan 57 lb met 1 ks tussenin aan

ander kant. Werk 4e hoek.
 Om kussing af te rond, werk 28 lb met 1 ks tussen elk, 1 glst in 3e ks aan beg van rondte.
3e Ronde: 1 lb in elke lb en 1 lb in elke ks-sp. By hoeke werk 2 lb in elke 2-ks-sp.

AGTERKANT VAN KUSSING
 Maak 105 ks + 3 ks om mee te draai.

Werk in lb tot werk dieselfde as voorkant is. Heg af.

AFWERKING
 Werk twee stukke aan verkeerde kant aanmekaar vas met kb — net 3 kante. Maak wit kussing om te pas. Trek dit oor met gehekelde kussingsloop en werk dan 4e kant vas met kb.